

LET WEL: INDIEN U 'N VERBRUIKER IS, KAN U OOR SEKERE STATUTÊRE REGTE BESKIK WAT NIE KONTRAKTUEEL WYSIGBAAR IS NIE. GEEN VOORSIENING IN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS SAL DIE WYSIGING VAN DAARDIE STATUTÊRE REGTE TOT GEVOLG HÊ DERMATE SULKE AANPASSINGS DEUR TOEPASLIKE WETGEWING VERBIED WORD NIE. INDIEN 'N VERTALING VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS REGTENS WET IN ENIGE ANDER TAAL VERLANG WORD, SAL DIE ENGELSE WEERGAWE VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS VOORRANG GENIET DERMATE DAAR ENIGE KONFLIK OF TEENSTRYDIGHEID TUSSEN DIE ENGELSE WEERGAWE EN ENIGE VERTALING DAARVAN SOU WEES. INDIEN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS IN ENIGE ANDER TAAL AS ENGELS AAN U VERSKAF WORD, DOEN RIM DIT BLOOT VIR U GERIEF.

LISENSIEBEPALINGS VIR
VISUAL VOICE MAIL

Research In Motion Beperk of een van sy geaffilieerdes ("RIM") stel graag die volgende handsagteaware-toepassing gratis beskikbaar:

Visual Voice Mail (die "Kliënt-sagteaware") is BlackBerry-handsagteaware wat die gebruik van sekere Handprodukte fasiliteer om toegang te verkry tot stemposdienste wat deur U Lugtyd-diensverskaffer (die "Toegangsdienst") aangebied word deur 'n visuele tussenvlak.

DIE KLIËNT-SAGTEWARE WORD DEUR RIM AAN U GELISENSIEER VOLGENS DIE BEPALINGS VAN RIM SE STANDAARD BLACKBERRY-SAGTEWARE-LISENSIE-OOREENKOMS ("BBSLO") SOOS DEUR HIERDIE ADDENDUM GEWYSIG. DAAR WORD GESAMENTLIK NA HIERDIE ADDENDUM EN DIE BBSLO VERWYS AS DIE "LISENSIEBEPALINGS" VIR DIE KLIËNT-SAGTEWARE. Tensy andersins hierin gedefinieer, sal alle terme in hoofletters wat hierin gebruik word, die betekenis dra wat in die BBSLO aan sulke terme in hoofletters toegeskryf word.

DEUR IN TE STEM TOT HIERDIE LISENSIEBEPALINGS EN TE KLIK OP "EK AANVAAR" SOOS HIERONDER AANGEDUI, STEM U AS INDIVIDU, OF, AS U GEMAGTIG IS OM DIE KLIËNT-SAGTEWARE NAMENS U MAATSKAPPY OF ANDER ORGANISASIE TE BEKOM, DAN STEM DIE ENTITEIT TOT WIE SE VOORDEEL U OPTREE (IN BEIDE GEVALLE "U") IN OM ONDERWORPE TE WEES AAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS VIR DIE KLIËNT-SAGTEWARE.

DIE "BBSLO" IS 'N AMALGAMASIE VAN DIE EERTYDSE BLACKBERRY-ONDERNEMING-BEDIENER-SAGTEWARE-LISENSIE-OOREENKOMS EN BLACKBERRY-EINDGEBRUIKER-/SAGTEWARE-LISENSIE-OOREENKOMSTE. Ten einde: (a) konsekwensie te verseker tussen die basiese bepalinge vir al die Sagteaware gebruik as deel van U BlackBerry Solution; en (b) duidelikheid te verseker in terme van watter lisensiebepalinge van toepassing is op verskillende komponente van die BlackBerry-handsagteaware, ongeag die manier waarop u daardie BlackBerry-handsagteaware bekom het, SAL U, DEUR U AANVAARDING VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS OP DIE WYSE SOOS HIERBO AANGEDUI, OOK INSTEM DAT DIE BBSLO ENIGE VORIGE RIM-SAGTEWARE-LISENSIE-OOREENKOMS WAT TANS OP ENIGE ANDER SAGTEWARE VAN TOEPASSING IS AS DIT GEBRUIK WORD AS DEEL VAN U BLACKBERRY SOLUTION, VERVANG EN VERDRING VANAF DIE DATUM VAN U AANVAARDING VAN HIERDIE LISENSIEBEPALINGS. INDIEN DIE HUIDIGE BBSLO NIE GEREDELIK TOT U BESKIKKING IS NIE, KAN U DIT BEKOM BY WWW.BLACKBERRY.COM OF DEUR RIM TE KONTAK BY LEGALINFO@RIM.COM.

INDIEN U ENIGE VRAE OF BEKOMMERNISSE OOR HIERDIE LISENSIEBEPALINGS HET, KONTAK ASSEBLIEF VIR RIM BY legalinfo@rim.com. INDIEN U NIE BEREID OF GEMAGTIG IS OM IN TE STEM TOT HIERDIE LISENSIEBEPALINGS NIE, MOET U NIE DIE KLIËNT-SAGTEWARE OF ENIGE DEEL DAARVAN AFLAAI, INSTALLEER OF GEBRUIK NIE, AANGESIEN U NIE DIE REG DAARTOE HET NIE.

ALGEMENE VEREISTES

Die Kliënt-sagteware fasiliteer U toegang tot en gebruik van die Toegangsdien. RIM stel graag die Kliënt-sagteware tot U beskikbaar, maar kan dit slegs doen met U duidelike begrip van, erkenning van en ooreenkoms dat die Toegangsdien 'n Derdeparty-dien is en/of toegang verskaf tot Derdeparty-inhoud en/of Ander Werwe verskaf deur U Lugtyd-dienverskaffer en/of ander derdepartye, waarvan geen onder RIM se beheer is nie. U moet moeite doen om te verseker dat U weet met wie U handel, en dat U die bepalinge en voorwaardes ken van alle toepaslike ooreenkomste, insluitend, sonder beperking, betalingsbepalinge, privaatheidsbepalinge, privaatheidstellings en sekuriteitskenmerke om U private inligting te beskerm en U persoonlike veiligheid te beskerm. Ten einde die Kliënt-sagteware op u Handprodukt te gebruik om toegang te verkry tot die Toegangsdien en dit te gebruik: (a) moet u oor 'n lopende, aktiewe rekening vir die Toegangsdien beskik, en hierdie rekening sal deur die bepalinge en voorwaardes waartoe U instem in terme van die Toegangsdien bestuur word; (b) moet U Lugtyd-dienverskaffer U toelaat om toegang tot die Toegangsdien met U Handprodukt te verkry; en (c) moet die Kliënt-sagteware ontwerp wees om te werk op U spesifieke weergawe van BlackBerry-handsagteware op U Handprodukt.

SPESIFIEKE BEPALINGS VIR DIE KLIËNT-SAGTEWARE

1. Definisie van "BlackBerry-handsagteware". Die Kliënt-sagteware sal beskou word as ingeslote in die definisie van "BlackBerry-handsagteware" onder die BBSLO.

2. Beperkte Ondersteuning, Geen Waarborg nie en Geen Aanspreeklikheid nie. Indien, anders as uitdruklik beoog deur hierdie Ooreenkoms, die Kliënt-sagteware nie binne negentig (90) dae ná die datum waarop U dit op U Handprodukt geïnstalleer het, in ooreenstemming met die Dokumentasie werk nie, kan U RIM kontak en RIM sal kommersieel redelike pogings aanwend om dit reg te stel of aan U 'n omwerking vir die probleem te verskaf (hierdie regstelling of omwerking kan aan U verskaf word volgens RIM se redelike diskresie op een van verskeie maniere, insluitend met verloop van telefoniese of e-pos-kliëntediens wat aan u verskaf kan word, in 'n algemeen beskikbare sagteware-regstelling of -vrystelling, op RIM se webwerf of in enige ander formaat soos deur RIM aan U aanbeveel). U gee egter te kenne en stem in daartoe dat, as gevolg van die aard van Kliënt-sagteware, RIM geen beheer het oor baie van die kenmerke en funksies daarvan nie en nie in staat kan wees om 'n probleem wat U ervaar deur die besteding van redelike kommersiële pogings of andersins op te los nie. Die Kliënt-sagteware word aan U verskaf as 'n gratis toevoeging tot RIM se BlackBerry-handsagteware en fasiliteer U gebruik van 'n Derdepartydien en/of toegang tot Derdeparty-inhoud en/of Ander Werwe. Dienooreenkomstig, dermate dit nie spesifiek deur die wette van U jurisdiksie verbied word nie: (a) vervang en verdring hierdie provisie enige uitdruklike waarborg vir die BlackBerry-handsagteware soos in die BBSLO vir die Kliënt-sagteware uiteengesit, en dui U enigste regsmiddel vir enige probleme wat U met die Kliënt-sagteware ervaar, aan; (b) die Kliënt-sagteware word "VOETSTOOTS" en "SOOS BESKIKBAAR" aan U beskikbaar gestel; (c) **BYKOMEND TOT DIE BEPERKINGS, UITSLUTINGS EN ONTKENNINGS OOR AANSPREEKLIKHEID SOOS IN DIE BBSLO UITEENGESIT, IS RIM NIE VIR DIE BESKIKBAARHEID, GEBRUIK, WERKVERRIGTING OF NIE-WERKVERRIGTING VAN DIE KLIËNT-SAGTEWARE, TOEGANGSDIENS, DERDEPARTY-INHOUD OF ANDER WERWE VERANTWOORDELIK NIE EN RIM SAL NIE AANSPREEKLIK WEES VIR ENIGE SKADES VAN WATTER AARD OOK AL VOORTSPRUITEND UIT OF VERWANT AAN DIE KLIËNT-SAGTEWARE, TOEGANGSDIENS, DERDEPARTY-INHOUD OF ANDER WERWE ONGEAG DIE OORSAAK VAN DIE AKSIE WAT AANLEIDING GEE TOT SULKE SKADES EN ONGEAG DAARVAN OF RIM INGELIG IS OOR DIE MOONTLIKHEID VAN SULKE SKADES;** en (d) die Toegangsdien mag te eniger tyd vir U ontoeganklik raak en/of die Kliënt-sagteware mag te eniger tyd ophou om aan U toegang tot die Toegangsdien te lewer en U sal geen regres teen RIM hê sou dit plaasvind

nie. U gee te kenne en stem daartoe in dat RIM aansienlike fooie vir die Kliënt-sagteware sou moes hef en moontlik nie die Kliënt-sagteware enigsins sou kon aanbied in die afwesigheid van sulke ontkenings, beperkings en uitsluitings nie.

3. Beëindiging. Sonder beperking van die voorafgaande, en bykomend tot RIM se beëindigingsregte in die BBSLO, as gevolg van die aard van die Kliënt-sagteware, Toegangsdiens, Derdeparty-inhoud en/of Ander Werwe, behou RIM die reg voor, maar is onder geen verpligting nie, om U lisensie vir die Kliënt-sagteware te eniger tyd, vir enige rede, sonder kennisgewing aan U, te beëindig; indien dit egter uitvoerbaar is, sal RIM kommersieel redelike pogings aanwend om aan U so 'n kennisgewing van beëindiging te verskaf.

4. Konflik. Indien enige van die voorwaardes en bepalinge van hierdie Addendum strydig is met die voorwaardes en bepalinge van die BBSLO of enige ander addendum of wysiging van die BBSLO, sal hierdie voorwaardes en bepalinge voorrang geniet tot die mate van die inkonsekwensie, maar slegs tot die mate waartoe dit op die Kliënt-sagteware van toepassing is.

Ek het hierdie Lisensiebepalinge nagegaan en is bereid en gemagtig om 'n lisensie vir die Kliënt-sagteware te aanvaar volgens die voorwaardes en bepalinge soos in hierdie Lisensiebepalinge uiteengesit.

Ek Aanvaar

Ek Aanvaar Nie